

1 Die Fariseërs en sommige skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, kom toe by Jesus. 2 Hulle het gesien party van sy dissipels eet hulle kos met onrein hande, dit is met hande wat nie gewas is nie. 3 Die Fariseërs, en tewens die Jode oor die algemeen, eet immers nie as hulle nie eers hulle hande behoorlik gewas het nie. So hou hulle hulle aan die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte. 4 En wanneer hulle van die dorp af kom, eet hulle nie as hulle nie eers gewas het nie. Daar is ook nog baie ander oorgelewerde gebruike waaraan hulle hulle hou soos hoe om koppies, bekers, bakke en stoele te was. 5 Die Fariseërs en die skrifgeleerdes vra Hom toe: "Waarom handel u dissipels nie volgens die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte nie en eet hulle met onrein hande?" 6 Hy antwoord hulle: "Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is skynheiliges, soos daar geskrywe staan: "Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. 7 Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as geboorte van God voor te hou nie. 8 "Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas."

14 Daarna het Jesus weer die menigte nader geroep en vir hulle gesê: "Luister julle almal hier na My en verstaan dit goed: 15 Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit 'n mens uitkom, dit maak hom onrein."

21 Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, 22 owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpraterij, hoogmoed, ligsinnigheid. 23 Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein."

In die gedeelte is Jesus in stryd met Joodse religieuse leiers oor wat 'n mens onrein maak. In verse 1 tot 8 vind ons die Skrifgeleerdes se klag teen die dissipels (hulle hou hulle nie by die oorgelewerde tradisie nie) en Jesus se reaksie daarop, waarna Hy 'n teenklag teen die Skrifgeleerdes lê (dat hulle tradisie strydig met die Skrif is - vers 9-13), voordat Jesus aan die skare bekendmaak wat mense werklik onrein maak (vers 14-23).

'n Belangrike vraag en ons antwoord >> Onthou: die belangrikste ding oor enige mens is wat hy van God dink. Ons gedagtes oor God gaan nie net bepaal wie ons is nie, maar ook hoe ons gaan leef. Die Fariseërs het gedink dat God ons sal aanvaar op grond van ons uiterlike vertonings... van hande was, ens.! Maar Jesus sê dus nie wat Hy van jou soek nie... Hy soek jou liefde, wat gesien word in 'n lewe waar die uiterlike met die innerlike klop! So 'n lewe begin met 'n besef oor hoe God oor jou en ander voel - onvoorwaardelike aanvaarding van almal.

Soos Julian van Norwich lank teruggesê het: "What God most wants, is to see you smile because you know how much God loves you." Julian vertel vir ons dat God Homself oor jou verheug. Vir so 'n God wil 'n mens met die hulp van die Gees anders lewe, afstand doen van die lysie goed wat Jesus in vers 21-23 noem. Eers as jy en ek besef dat die goeie en mooie God in my glo, kan ons nie anders as om die goeie en mooie lewe te wil lewe nie - dis om die Gees toe te laat om die beeld van God in jou wakker maak!

Soos Kathleen Norris dit in haar boek Amazing Grace soos pragtig vertel: "Een môre het ek 'n jong paartjie met 'n baba by 'n vertrekke van 'n lughawe gesien. Die baba het aandagtig na die ander mense gekyk, en sodra hy dit as 'n menslike gesig herken het, maak nie saak wie s'n dit was, maak nie saak of dit jonk of oud, mooi of lelik, verveeld of gelukkig of bekommerd was nie, hy het met absolute genot gereageer! Dit was pragtig om te aanskou. Ons vaal vertrekke het 'n hek na die hemel geword! Skielik was ek sprakeloos verwonderd gelaat omdat ek skielik besef hoe God ook na ons kyk, Hy staar in ons gesigte sodat Hy verheug kan word...Ek vermoed dat net God, en geliefde babas, op hierdie manier kan sien!"

Onthou weer ons liefde vir God bepaal nie God se houding teenoor ons nie. God het ons eerste lief en ons sien dit in die kruis en opstanding van Jesus. Daardie liefde dryf my en jou om God en ander terug lief te hê. God het ons eerste lief en sal nooit ophou om ons lief te hê nie. Die primêre ding wat God van ons verwag is nie verbeterde morele gedrag (wat natuurlik sal gebeur) nie, maar om God lief te hê omdat Hy ons eerste lief het.

#Klop jou uiterlike met jou innerlike? Is jou alles in jou geloof of is dit net oppervlakkige saak?

Frederick Buechner verbeel hom hoe 'n jongeling leer om klavier te speel. *"The child holds her hands just as she's been told... she has memorized the piece perfectly. She has hit all the proper notes with deadly accuracy. But her heart's not in it, only her fingers. What she's playing is a sort of music, but nothing that will start voices singing or feet tapping."* Daarom die vraag as dit by jou en my geloof kom: is ons lewe daarin of net ons vingers?

Die beroemde violis Fritz Kreisler het pas 'n konsertuitvoering gegee en het oor die verhoog gestap op pad na sy kleedkamer, toe 'n entoesiastiese musiekbewonderaar hom van agter inhardloop en uitroep: "Mnr Kreisler, ek sal my lêwe gee om soos u te kan speel!" Die meestermusikant het oor sy skouer geantwoord: "Mevrou, ek het."